# PSALM 7

**C F C**
1. U, Yahweh, by wie ek skuiling,
**G C**
redding soek – my teenparty
**F C**
wat my jaag op al my spore,
**F C G C**
dring gedurig naderby.
**F C**
As U hand my nie verlos nie,
**D G**
sal hul lewend my verslind,
**C F C**
soos ‘n leeu die arme skaaplam
**F C G C**
wat hy sonder herder vind.

**C F C**
2. O Yahweh, wat is my sonde?
**G C**
Het die skuld my aangekleef
**F C**
dat ek kwaad hom aangedoen het,
**F C G C**
wat met my as vriend wou leef?
**F C**
Nee, ek het die hand van vriendskap
**D G**
reddend na hom uitgesteek,
**C F C**
ook al was die band van vriendskap
**F C G C**
deur sy vyandskap verbreek.

**C F C**
3. As ek met ‘n valse weegskaal,
**G C**
leed vir guns en kwaad vir goed
**F C**
aan my vyand toegeweeg het –
**F C G C**
laat sy wraak my dan ontmoet.
**F C**
Laat hom my dan jaag en inhaal
**D G**
en my lewe nie verskoon,
**C F C**
my vertrap, my eer verneder
**F C G C**
en my in die stof laat woon.

C              F      C
4. Yahweh let en keer sy gramskap
G                        C
met die vuurskerm van U wraak!
               F     C
Daag hom voor U regtersetel;
F     C    G     C
wil dan ook vir my ontwaak.
      F       C
Straal U vonnis voor die oë
       D    G
van die volke op hom neer!
C              F     C
Keer dan majesteitlik, Yahweh,
F    C     G     C
na die eew'ge hoogtes weer.

C              F      C
5. Hoor, o Regter van die volke!
G                        C
Doen aan my, Yahweh, tog reg!
               F     C
Bid ek U, o hoor my bede
F      C       G     C
na die waarheid van my weg!
      F       C
Straf die goddelose bende,
       D         G
stel hul boosheid perk en paal!
C              F     C
Help my, U wat hart en niere
F    C    G     C
met U kennislig deurstraal.

C                 F     C
6. Soos 'n held met skild gewapen
G                      C
aanstap sonder kommernis,
              F     C
so voel ek by Yahweh veilig,
F      C     G   C
wie my skild en Helper is.
      F       C
Want Hy is die hoogste Regter
       D    G
wat die lyder reg verskaf;
C            F     C
elke dag ontvlam Sy wraakvuur
F      C    G     C
wat die onregwerkers straf.